



Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Skeppende Kunste – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleuroplode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:

4.	a	b	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	---	-------------------------------------	---

Voorbeeld 2:

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

Folklore verhaal

Dit was besonder moeilike tye in Engeland gedurende die jare van die Normandiese invalle. Die Normandiërs het baie lande met vuur en swaard verower. Hulle het geplunder en gemoor. Hulle het die heel beste vir hulself gesteel, veral plaasgrond. Die Normandiërs het oor die Saksers regeer. Min mense het dit gewaag om hulle teen te staan, want die Normandiërs was wreed en gewelddadig.

Sommige mense sê Robin was in werklikheid Robert van Locksley, die seun van 'n Saksere edelman. Ander sê hy was die seun van 'n armoedige jagter. Wat ookal die waarheid, Robin is voëlvry verklaar en het sy toevlug tot Sherwoodwoud geneem. Robin Hood het daarvoor beroemd geraak dat hy die ryk Normandiërs beroof het wat in die woud ingedwaal het, en dat hy hierdie rykdomme aan die armes gegee het.

Niemand kon hom vang nie en hy het die teken van die Balju van Nottingham geword. Een donker aand het 'n jong seun Robin genader.

Jong seun: Robin! Kyk hierna! Dit was teen die deur van die taverne gespyker en daar is nog baie meer!

Robin [glimlaggend]: Dit skyn of ons 'vriend' die balju vermaak benodig. Hy soek die beste boogskutter in Engeland en hy gaan 'n kompetisie hou. [Lag]

Lady Marian: Jy dink nie daaraan om in te skryf nie nè? [Bekommerd] Sê nou dis 'n lokval?

Will Scarlett [vol vertroue]: Marian is reg. Hy weet jy's die beste! Maar ek vrees vir jou. Ek dink dat ...

Friar Tuck: Hy weet ook dat jy nie 'n uitdaging kan weerstaan nie! [Stilletjies] Wat 'n slu manier om jou uit te lok!

Little John: Ek sal daardie Balju gou-gou regsien Robin! Ek sal graag saam met jou gaan!

[Much, die meulenaar se seun, en Alan A'Dale sluit by hulle aan op die verhoog. Hulle praat almal tegelyk.]

Robin [terwyl hy sy hand opsteek]: Natuurlik is dit 'n lokval. Des te meer rede om vir die kompetisie in te skryf by die volgende kermis en – hulle te wen! [Toejuiging klink op vanuit die skare en die dansers kom binne.]

1. Wat kan die opskrif 'Folklore Tale' vervang?

- (a) Godsdienstige oortuiging (b) Feëverhaal (c) Tradisionele mite (d) Fabel

2. Watter wapen sou Robin die meeste van die tyd by hom hê?

- (a) 'n Swaard (b) 'n Pyl en boog (c) 'n Spies (d) 'n Geweer

3. Die teks sê dat

- (a) Robin se herkoms nie presies bekend is nie. (b) Robin die seun is van Robert van Locksley.
 (c) Robin die seun is van 'n armoedige jagter. (d) Robin die seun is van 'n Normandiese edelman.

4. Watter van hierdie is nie voëlvry nie?

- (a) Voortvlugtige (b) Ontsnapte (c) Renegaat (d) Burger

5. Wie sou die storie aan die begin van die teks vertel?

- (a) Verteller (b) Regisseur (c) Hoofspeler (d) Geselskap

6. Jong seun: Robin! Kyk hierna! Wat sou die seun se stemtoon wees?

- (a) kalm (b) opgewonde (c) oorspanne (d) gretig

7. Die ander karakters onthul heelwat omtrent Robin deur wat hulle in die teks sê.

Watter karaktereienskap van Robin word geïmpliseer?

- (a) Hy is 'n uitmuntende boogskutter. (b) Hy is listig. (c) Hy is kompetierend. (d) Hy is 'n voëlvrye man.



Pas die karakters in (a) – (d) by hul beskrywings in vrae 8 – 11. (Lees eers al die beskrywings).

- (a) Lady Marian (b) Will Scarlett (c) Friar Tuck (d) Little John

8. Watter karakter kom voor as deernisvol en versorgend?

9. Watter karakter is moontlik wys en het visie?

10. Watter karakter verafsku agterbaksheid?

11. Watter karakter is die waarskynlikste lojaal en betroubaar?

